

7 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 12

Fokusgedeelte: Romeine 12:9-21

Goeie nuus: God se vryspraak is bevrydend

Om deur God vrygespreek te wees, is ongelooflik bevrydend! Dit is 'n bevryding wat baie beslis ook jou lewenspraktyk totaal en al verander, omdat die sonde jou nie meer oorheers nie. Gods vryspraak beteken letterlik dat jy 'n metamorfose ondergaan, soos 'n larwe wat 'n skoenlapper word.

Wat van verse 9–21 van Romeine 12 dan? Geesgeïnspireerd toon Paulus aan hoe jy jou hele lewe kan inspan om dankbaarheid aan God te bewys vir die redding wat jy reeds ontvang het. Die verse help jou om die opofferende liefde van Christus met dade vir ander mense sigbaar te maak.

In jou lewe moet die liefde opreg wees. Met die liefde moet jy nie toneel speel nie, want Jesus se liefde vir jou was alles behalwe toneelspel. Jy haat wat sleg is, soos jou Here dit haat. Hartlike broederliefde en hartlike toewyding moet jou hele lewe kenmerk. Jy sal geesdriftig wees, omdat die Heilige Gees in jou woon. Help jou medegelowiges in hulle nood, want in jou sondenood het die Here jou hulpgeroep gehoor. Sover moontlik moet jy in vrede met alle mense leef. Doen selfs 'n goeie daad aan jou vyand en oorwin die kwaad deur die goeie. So lyk die lewe van die nietige mens wat uit genade en deur God se guns vrygespreek is.

Oorweeg elkeen van die voorskrifte soos wat in Romeine 12:9–21 neergeskryf is. Doen dit teen die agtergrond van God se opofferende liefde – sy liefde vir jou en al sy kinders, omdat elkeen kosbaar in sy oë is. Is jou lewe werklik “anders”? Onthou tog – God hét jou in sy Seun vrygespreek. Die lied is waar: “Wat 'n liefde en volheidslewe, het die Vader ons gegewe dat Hy ons sy kinders noem!” Dank Hom vir sy goeie nuus wat ongelooflik bevrydend is.

Sing: Skrifberyming 21:1,2,3

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)